Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

Lees: Psalm 146

Teks: Psalm 146:5,6

H.K.: Sondag 9 (Kandelaar – Reeks Twaalf Artikels **nr 1**) (ook gebruik by doop RW)

Datum: 1 Junie 2008

Psalms: 146:1,2; 25:3; 146:8; 33:11

1. Inleiding.

'n Wonder het hom voor ons oë afgespeel. Die doop is ... ***'n groot wonder***.

Dit is ***'n wonder***, want doop beteken: Die Skepper van hemel en aarde, die Almagtige God, daal neer en lê sy hand op hierdie kinders gelê. Hy daal neer en deur die doop verseker Hy hulle van sy ewige genadeverbond met hulle. So heel persoonlik – op die naam – belowe Hy aan hulle: **Ek wil jou Vader wees**. Dit is een van die beloftes by die doop. *Dít,* ouers, moet julle aan julle kinders vertel wanneer hulle groter word: Toe God julle gedoop het, het Hy aan julle belowe: Hy wil julle Vader wees.

Maar by daardie heerlike belofte het God óók sy eis/bevel gestel: Julle moet hierdie Vader **vertrou**. Ouers, *óók dít* moet julle aan julle kinders leer: vertroue!

Belofte ***én*** bevel, die *belofte* dat God ons wil help en die *eis* dat ons Hom alleen moet vertrou – die twee kry ons beide in Psalm 146. Want in hierdie lofpsalm kry ons:

1. 'n Oproep tot **vertroue** in God;

*En dan sien ons in die Psalm **2 redes** hoekom ons so vas op God kan vertrou:*

2. Die eerste rede is: die HERE het sy **verbond** met ons opgerig het en ons daarom **wil en sal** Hy ons help en

3. Die tweede rede vir ons vertroue is: Hy **kan** ons ook help, want Hy is **die Almagtige, die Skepper** van hemel en aarde is.

In Psalm 146 kry ons

2.1. ’N OPROEP TOT VERTROUE IN DIE HERE

En dan klee die Psalmdigter sy opdrag om te vertrou so in

1. dat hy eers (negatief) wys hoe waardeloos dit is om op mense te vertrou, en

2. dan, in die tweede plek (positief), laat hy ons sien dat die HERE al ons vertroue werd is.

Die Psalmdigter laat ons eerstens sien hoe uiters **dwaas** dit is **om op mense te vertrou**. “Vertrou nie op prinse” nie, sê hy. Vertrou nie “op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.”

Dit is baie veelseggend om te hoor hoe dit in die Hebreeus staan. Die prinse word genoem “kind van ***die mens***”. Letterlik staan daar: kind van ***Adam***. En van hierdie prinse, hierdie Adams-kind sê die Psalmdigter: “Hy keer terug na sy ***aarde*** toe”. Letterlik staan daar: Hy keer terug na sy ***adamah***. Hoor u daarin ook die woord ***Adam*** – ***adamah***. Dit is ’n sinspeling op die skeppingsgeskiedenis: die mens, die Adams-kind, is geskape is uit die stof van die aarde, uit die ***adamah***. En daarheen keer hy ook terug: “Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.”

Dít is wat die mens is: ’n skepsel, ’n sterweling. En daarby stop Psalm 146 nie, maar hy gaan nog verder. Want daardie dag as die prins, as die Adamskind sterf, is dit met ***sy planne gedaan***. En eintlik staan dit nog sterker in die oorspronklike: Dan ***vergaan*** sy planne. Dit raak tot niet.

Ons kan by die prinse dink aan regeringsleiers, aan die politici van ons tyd. Hoeveel kere stel mense nie al hulle hoop en vertroue op hulle leiers om voorspoed en vrede in ’n land te bring nie. Maar as ons lees van prinse, kan ons ook aan meer dink as net regeringsmense. Hoeveel keer vertrou ons byvoorbeeld nie op ’n mens, ’n dokter, om ons gesond te maak nie, op sielkundiges, op ekonome, op slim, bekwame geleerdes, teoloë om ons te help nie.

Nee, sê ons Psalmdigter, by die mens, by die skepsel is ***geen heil***, geen verlossing nie. Mense, vertrou **tog** op God alleen!

Psalm 146 wys dus enersyds die vertroue op mense af. Daarteenoor roep hy ons op tot vertroue in God alleen, die **Verbondsgod**, die **Skepper**.

En hy begin sy oproep op ’n baie besondere manier. Hy begin dit met die woordjie ***welgeluksalig***. “Welgeluksalig”, dit beteken: Geseënd, gesëend is die man met die seëninge van die verbond. “ Geseënd is hy wat die God van Jakob het as sy ***hulp***, wie se hoop is op die HERE sy God, wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is; wat trou bly tot in ewigheid.” Vertrou op Hom ...

Van hierdie vertroue praat ons Kategismus ook: Hierdie Vader van my “***vertrou*** ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie.”

Maar op grond waarvan kan die Psalmdigter hom met soveel vertroue aan dié God toe te vertrou? Hy noem 2 dinge in vers 5 en 6:

1. Eerstens sê hy: sy God is die HERE, die troue Verbondsgod;

2. Tweedens sê hy: sy God is die Skepper van hemel en aarde gemaak.

Maar voordat ek verder op hierdie twee punte ingaan, eers enkele belangrike opmerkings oor die Psalmboek in die geheel en Psalm 146 in die besonder:

Die boek van die Psalms is ‘n wonderlik-mooi kunswerk. Die 150 Psalms is nie ’n ongeordende, onsamehangende bundel gedigte nie, maar ’n eenheid, ’n liggaam. Hierdie 150 Psalms word in vyf bundels/dele verdeel: Psalm 1-41, 42-72, 73-89, 90-106 en 107-150. Dit word so verdeel, omdat elkeen van die eerste vier bundels eindig met ’n lofprysing. So eindig bundel nommer 1 met die laaste vers van Psalm 41: “*Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid! Amen, ja amen*”. En so eindig ook bundel 2, 3 en 4. Net aan die einde van bundel 5 is dit anders: Die vyfde bundel eindig nie met net een slotvers van lofprysing nie, maar met 5 Psalms: Psalm 146 tot 150.

Hierdie laaste vyf Psalms staan bekend as die Laaste Hallel of Lofprysing. Al 5 is lofpsalms en al 5 word daardeur gekenmerk dat dit *begin met Halleluja en eindig met Halleluja* (loof die HERE).

Die kenmerkende van die lofpsalms in die Psalms (daar is meer as net die laaste 5 Psalms) is dat God geprys word deur te vertel van sy dade, sy heerlike werke in skepping en herskepping.

Die lofprysing van God het alles te make met die **lofsing** van sy dade. **MAAR** die lofprysing van God ook alles te make met **vertroue**. Wie God vertrou vir wat Hy is – Verbondsgod en Skepper – wie God so vertrou, Hy prys God nie net met woorde nie, maar met sy lewe. Om dit nou maar so te sê: ***Wie vertrou loof; vertroue is lofprysing in die praktyk, lofpsalms met die daad van vertroue.***

Kom ons kyk in meer besonderhede na die gronde van ons vertroue.

2.2. Ons God is die HERE, die God van die verbond wat ons wil en sal help

In Psalm 146 vers 5 en 6 kom die HERE se verbond ter sprake. Ons hoor onder ander die Verbondsnaam ***HERE***.

Die verbondsgedagte lê ook opgesluit in die sinsdeel/woorde dat die HERE "***trou*** bly tot in ewigheid". Ons kan die woord trou ook vertaal met ***waarheid***. Die HERE is 'n waarmaker van sy Woord. Hy be-waarheid wat Hy beloof het in sy verbond. In die Nuwe Testament word Christus die waarheid genoem. In Hom is al God se beloftes be-waarheid, vervul.

Op sy trou kan jy altyd reken, ja ... tot in ewigheid. Ja, sê Psalm 146, want Hy is die God wat trou bly ***tot in ewigheid***. Dit is in teenstelling met die prinse, die Adams-kinders. Aan hulle planne kom ***'n einde***. *Dít* is die teenstelling: die onverganklikheid van God se trou **teenoor** die verganklikheid van menslike planne.

En nou het ons dit ook in die doopsformulier gehoor: Die Vader het 'n ewige verbond met ons opgerig.

En in ons Kategismus hoor ons: God is ... ***ter wille van sy Seun*** Christus my God en Vader is."

Daardie ***ter wille van Christus*** gee ons die grond of die rede aan waarom God ons Vader is: danksy Christus, ter wille van sy offerande. In sy bloed is God se Vaderhulp en Vadersorg gewaarborg, in die bloed van die verbond.

In Romeine 8 kry ons ook die ter wille van Christus en die ewige trou van God, waar Paulus sy lofpsalm, sy weergawe van Psalm 146 sing: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe ... ons sal kan skei van die liefde van God wat daar ***in Christus Jesus***, onse Here, is nie."

Hierdie belydenis dat God getrou is, dat Hy sy verbond hou, dat Hy ons WIL en SAL help – dit moet ons nou ook in die praktyk van ons daaglikse lewe indra. Dit doen ons as ons saam met die Kategismus jubel: "Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie ... ***omdat Hy dit ... wil doen as 'n getroue Vader***" As ons **só vertrou**, vertrou dat God 'n getroue Vader is - ***dan*** is ons lewe 'n lofpsalm.

Ons kom by die tweede grond van ons vertroue:

2.2. Ons Vader is die Skepper wat ons ook kan help

Wanneer die digter van Psalm 146 ons oproep tot vertroue, vestig hy ons aandag nie net op die HERE se verbond en sy verbondstrou nie. Hy rig ook ons oë op die skeppingswerk van die HERE. Die God van ons hulp is ook die God "wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is".

Deur ons aandag so op die HERE se skeppingswerk te vestig, wil hy vir sy hoorders sê: Daaruit kan julle dit weet: Ons het ook 'n God wat ons ***kan*** help.

Hier is weereens 'n skerp teëstelling in ons Psalm. Aan die ***eenkant*** is daar die prinse. Hulle is maar net skepsele, Adams-kinders is. ***Daarteenoor*** stel Psalm 146 die HERE, die ewige Koning: Hy is die Skepper, die Een "wat hemel en aarde gemaak het". Die prinse is onmagtig, Hy is almagtig, Hy ***kan*** help.

Die Bybel doen dit meermale: om die **HERE se hulp** en **sy skeppingswerk** so aan mekaar te verbind. Ek noem net 1 voorbeeld uit die Psalms: Psalm 124:8 ("Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het."). Die bedoeling is

duidelik: die God wat met ons ’n verbond gesluit het, ***wil*** ons nie net help nie. Hy ***kan*** ook.

Hierdie belydenis dat God almagtig is, dat Hy ons ook KAN help – dit moet ons nou ook in die praktyk van ons daaglikse lewe indra. Dit doen ons as ons saam met die Kategismus jubel: “Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie ... ***omdat Hy dit kan doen as 'n almagtige God*** ...” As ons **só vertrou**, vertrou dat my Vader almagtig is, dan is ons lewe ’n lofpsalm.

3. Slot

GELOOF is kennis ***én*** vertroue. Die twee is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Wie God die Vader leer ***ken*** as die troue Verbondsgod en almagtige Skepper, hy ***vertrou*** ook dat God wil en kan help.

GELOOF is lofprysing. Wie God vertrou vir wat Hy is, eer Hom. Dan is jou lewe ’n lofpsalm.

AMEN.